



SPREEKBUIS VAN DIE AWB

SWEEPSTAG



SAAMGESTEL EN VERSORG DEUR AWB PRETORIA

JAARGANG 2 UITGAWE 1

JANUARIE/FEBRUARIE 2015

Grond Bewillinging en Onteining

Oor die laaste paar maande is daar heelwat gesê oor grond bewillinging en grond onteining. Wat is die waarheid daaragter en wat beteken dit vir ons?

Grond bewillinging is wanneer daar van die uitgangspunt gegaan word gewillige koper en gewillige verkoper en dit is wat in die Grondwet staan van hoe dit moet gebeur. **Grond onteining** is die afneem van grond sonder kompensasie en dit is volgens die Grondwet (Tans!) onwettig.

Kom ons gaan kyk eers wat die rolspelers in die huidige Regering te sê het hieroor.

Eerstens die ANC. Volgens Zuma se toespraak in Januarie 2015 by die ANC se 103de herdenking in Kaapstad, het daar reeds 1,8 miljoen mense voordeel getrek uit die regering se grondrestitusie programme. Volgens Zuma is die ANC nie tevrede hiermee nie want dit beweeg te stadig! In sy eie woorde: *"We reassert the correctness of the Constitution, but admit that usage of the 'willing buyer, willing seller' policy went on far too long and had unsatisfactory results. We commit that the land will be returned to our people and the ANC calls on its government to act with necessary speed to put the legislation in place this year. Expropriation will be done in line with the Constitution and the Act to be passed this year,"*

Wat ons dus hieruit kan aflei is dat die ANC die Grondwet gaan verander sodat grond bewillinging verander kan word in grond onteining. Dit lyk of die ANC uiteindelik wil poog om wat hulle in die sogenaamde "Freedom Charter" van 1955 so duidelik gestel het:

"The Land Shall be Shared Among Those Who Work It!
Restrictions of land ownership on a racial basis shall be ended, and all the land re-

divided amongst those who work it to banish famine and land hunger;

The state shall help the peasants with implements, seed, tractors and dams to save the soil and assist the tillers;

Freedom of movement shall be guaranteed to all who work on the land;

All shall have the right to occupy land wherever they choose;

People shall not be robbed of their cattle, and forced labor and farm prisons shall be abolished."

Moet asseblief nie die fout maak en dink dit gaan nie gebeur nie - die konsepwet is reeds in September 2014 deur die kabinet goedgekeur!

Kom ons gaan kyk na die ANC se tweeling boetie in die Parlement, die EFF. Die EFF sê prontuit dat hulle nie aan grond bewillinging glo nie, slegs aan grond onteining. Ek haal aan vanuit hulle webblad:

"1. The EFF's approach to land expropriation without occupation is that all land should be transferred to the ownership and custodianship of the state in a similar way that all mineral and petroleum resources were transferred to the ownership and custodianship of the state through the Minerals and Petroleum Resources Development Act (MPRDA) of 2002. The state should, through its legislative capacity transfer all land to the state, which will administer and use land for sustainable-development purposes. This transfer should happen without compensation, and should apply to all South Africans, black and white.

2. Once the state is in control and custodianship of all land, those who are currently using the land or intend using land in the immediate will apply for land-use licences, which should be granted only when there is a purpose for the land being applied for. Those applying for licences will be granted licences for a maximum of 25 years, renewable on the basis that the land is being used as planned. The state should, within this context, hold the right to withdraw the licence and reallocate the land for public purposes.

3. State custodianship of land will mean that those who currently occupy land should apply for licensing to continue using the land and should clearly state in the application what they want to use the land for over a period of time. Under this legislation, no one should be allowed to own land forever, because those who have money can, over time, buy huge plots of land and use them for counter-developmental private purposes, such as using land as game farms. A maximum of 25 years can then be placed on all land leases applied for by private corporations and individuals, with the state retaining the right to expropriate in instances where the land is not used for the purpose applied for." (Die spelfoute kom ook net so van die webblad af!)

Duidelik maak die EFF nie 'n geheim van watter metode hulle van gebruik wil maak om elke stukkie grond in Suid-Afrika in staatsbesit te plaas nie.

Vreemd genoeg hoor ons niks van die ander opposisie "partytjies" i.v.m. grond onteining nie. Dit klink al te veel asof elkeen van hulle bang is dat hulle stukkie grond, of wildspasie of huisies by die see van hulle weggevat gaan word as hulle hul monde oopmaak!

Wat beteken die bogenoemde uitlatings van die ANC en die EFF vir ons, die mense op die grond wat aan die ontvangkant gaan wees van hierdie nuwe wet?

Die kort en lank staan so: Indien daar 'n eis teen jou eiendom ingesit

Vervolg op bl.2

In hierdie uitgawe
***Grond Onteining**
***Die koerante in perspektief**
***Uit die Woord**
***'n Blick uit die verlede -**
Durban
***Spioenasie in SA**

word (dit beteken jou grond waar jy bly, waarop jou besigheid is of jou plaas) sal dit in die Gazette gepubliseer word. Die onus berus by jou om binne die aangewese tydperk (gewoonlik 60 dae) te sê hoekom hierdie eis nie moet voortgaan nie. Onthou hulle hoef jou nie eers te laat weet dat daar 'n eis teen jou grond ingesit is nie! Indien die eis slaag, het die regering dan die reg om jou grond onmiddellik in hulle besit te neem en dan te besluit wat hulle met die huidige bewoner van die grond gaan maak.

So is daar reeds 'n groot eis ingesit vir 'n groot gedeelte van Pretoria op die dag na Zuma se staatsrede deur 'n ene mnr. Victor Lekhulene. Die grond is in die noord-oostelike deel van Pretoria en dit sluit sowat 500 eiendomme in wat in privaat besit is. Onder meer sluit dit ook twee skole, heelparty kerke en 'n winkelsentrum in. Volgens die Gazette het die persone betrokke 60 dae om die eis teen te staan.

As ons al die bogenoemde in ag neem, sal ons in die nabye toekoms moet begin veg om ons grond en eiendom te behou. Is ons reg daarvoor?

OPSOMMING VAN STAATSREDE:

Jacob Zuma se staatsrede vir 2015 het hoofsaaklik op die land se energiekrisis, grondhervorming en ekonomiese groei gefokus.

Zuma het heelwat later as beplan met sy staatsrede begin nadat EFF-LP's eers uit die Nasionale Vergadering verwyder is en die DA se LP's kort hierna opgestaan en uitgestap het.

Zuma het in sy staatsrede gesê 2015 is die jaar van die Vryheidsmanifes en "eenheid in aksie" om ekonomiese vryheid te bevorder. "Van vanjaar af moet skole ook die Afrika-unie se volkslied oefen, in voorbereiding vir die viering van Afrika-maand in Mei."

Ekonomie

Zuma het eerstens op die ekonomie gefokus en gesê daar heers 'n moeilike ekonomiese klimaat. "Die Internasionale Monetêre Fonds het hierdie week die BBP-groei vooruitskattings vir wêreldwye ekonomiese groei in 2015 afwaarts aangepas na 3,5%.

"Ons ambisie om 'n groeiteiken van 5% teen 2019 te behaal is op die spel, as gevolg van die stadige groei wêreldwyd, sowel as binnelandse beperkings rakende onder andere energie, vaardighede, vervoer en logistiek."

Zuma het gesê daar is sedert verlede jaar se staatsrede meer as 850 000 werkgeleenthede geskep. Zuma het tydens verlede jaar se staatsrede aangekondig dat die regering binne vyf jaar ses miljoen werkgeleenthede wil skep.

Zuma het ook 'n negepunt-plan bekend gestel om ekonomiese groei te bevorder en werkgeleenthede te skep. Dit behels:

- Die oplos van die energie-uitdaging;
- Om nuwe lewe in landbou en die landbouverwerking se waardeketting te blaas;
- Om die verdeling van minerale rykdom te bevorder of waarde daartoe by te voeg;
- Die meer effektiewe implementering van 'n industriële beleid aksieplan wat 'n groter impak het;

- Die aanmoediging van beleggings in die private sektor;
- Om konflik in die werkplek te modereer;
- Om die potensiaal van klein- en medium sakeondernemings, koöperasies, townships en landelike ondernemings te ontsluit;
- Staatshervorming en die bevordering van staatsbeheerde maatskappye se rol, IKT-infrastruktuur of die uitrol van breëband, water, sanitasie en vervoerinfrastruktuur;
- Operasie Phakisa wat gemik is op groei in die land se oseaan-ekonomie sowel as ander sektore.

Energie

Zuma het gesê dit is prioriteit om Eskom se finansies te stabiliseer en dat die kragvoorsiener R23 miljard gegee sal word om dit te doen. "Dit is 'n struikelblok vir ekonomiese groei, en is 'n groot ongerief vir almal in die land." Volgens Zuma is dit een van die regering se hoofprioriteite om dié probleem te oorkom.

Grond

Zuma het gesê buitelanders sal nie toegelaat word om grond in Suid-Afrika te besit nie. Hy het gesê buitelanders sal wel in aanmerking kom vir langtermynlenings. "Die Wetsontwerp op die Regulering van Grondbesit sal in dié verband vanjaar by die parlement ingedien word. Grond het 'n kritieke belangrike faktor geword om die onregte van die verlede reg te stel."

Volgens die voorgestelde wetsontwerp sal daar 'n plafon wees vir grond-eienaarskap, naamlik 'n maksimum van 12 000 hektaar.

Mynbedryf

Zuma het verwys na sy staatsrede in 2014 waartydens hy die behoefte uitgespreek het om die mynbedryf te stabiliseer. Volgens Zuma het die implementering van 'n aantal programme as deel van die raamwerk-ooreenkoms vir 'n volhoubare mynboubedryf, relatiewe stabiliteit en optimisme in die mynbedryf meegebring.

Water

Zuma het gesê die nasionale infrastruktuur-ontwikkelingsplan is steeds een van die sleutel drywers vir werk en 'n katalisator vir ekonomiese groei. "Water is 'n kritieke hulpbron vir ekonomiese groei en 'n beter lewe. Verskeie projekte wat gemik is op die verskaffing van water vir industriële en huishoudelike gebruik is regoor die land in die implementering- of beplanningsfases."

Misdaad

Volgens Zuma moet daar harder gewerk word om misdaad te bestry en sodoende veiliger gemeenskappe te skep. "Ons maak vordering in die stryd teen misdaad teen vroue en kinders. Die SAPD se eenheid vir gesinsgeweld-, kinderbeskerming en seksuele misdrywe het verseker dat 659 oortreders van misdade teen vroue en kinders lewenslank tronk toe gestuur is."

Korrupsie

Zuma het gesê die stryd teen korrupsie duur voort en dat die teenkorrupsie inter-ministeriële komitee vordering maak. "Die regering het sewe teenkorrupsie-instellings in plek en sewentien stukke

wetgewing wat bedoel is om korrupsie te bestry. Dit toon 'n gesamentlike poging deur die regering om hierdie plaag in die land te breek.”

Renosterstropery

Volgens Zuma het die kabinet “kragtige en geïntegreerde ingrypings” aangeneem om renosterstropery in die land te bekamp. “Die ingrypings sluit in deurlopende gesamentlike operasies met buurlande, verbeterde intelligensie-insameling sowel as die verbetering van veiligheid in parke en provinsiale reservate waar renosters gehou word.”

Slim ID-kaarte

Zuma het aangekondig dat mense van vanjaar af in staat sal wees om by hul plaaslike bank aansoek te doen vir die nuwe slim ID-kaarte danksy 'n vennootskap tussen die departement van binnelandse sake en sommige van die land se banke.

Afsluiting

Zuma het ter afsluiting gesê daar is die afgelope jaar baie bereik. “Ons glo dat ons negepunt-plan vir die ekonomie dié prestasies sal versterk en broodnodige groei tot gevolg sal hê. Gedurende die jaar van die Vryheidsmanifes en eenheid in aksie om ekonomiese vryheid te bevorder, wy ons onself tot eenheid en harde werk om deurlopende sukses in ons pragtige land te verseker. "Saam beweeg Suid-Afrika vorentoe! Ek dank u.”

Ek dink nie ons moet veel lees uit die "Staatsrede" nie. Die sirkus wat daarmee gepaard gegaan het moet vir ieder en elk dit duidelik maak: Suid-Afrikaanse politiek is 'n sirkus en die land word deur 'n klomp narre bestuur wat ons reguit na 'n afgrond lei.

UIT DIE KOERANTE

Zuma pronk in Kaapstad

Terwyl hy verseg om in die Parlement te verskyn ten einde te antwoord op talle ernstige aantygings teen hom, het pres. Jacob Zuma die afgelope naweek in Kaapstad gepronk ter viering van die 103de bestaansviering van die ANC. Zuma het Vrydag tydens besoeke onder swaar Polisiebegeleiding, aan die woongebiede Philippi en Nyanga gesê die Wes-Kaap is die enigste provinsie wat nie deur die "regmatige erfenename van SA" geregeer word nie en dat dit reggestel moet word. Hy het ook gesê: "Wanneer daar beurtkrag is, word die regering geblameer. Daar word egter vergeet ons is besig om die apartheid gemors reg te maak. Hulle maak asof dit ons is wat die gemors veroorsaak het. Die ANC sal regeer totdat Jesus terugkom omdat die ANC mooi omsien na God se mense." Zuma het ook die aansesiges voorgegaan in die sing van *Umsbini wami (Bring my masjengeweer)* – 'n lied wat hy Saterdag tydens die hoogtepunt van die viering in die Groenpunt Stadion herhaal het. By hierdie geleentheid het Zuma die ongehoorde opmerking in sy toespraak gemaak “dat dinge in SA verkeerd begin loop het toe Van Riebeeck destyds in Kaapstad aangekom het.” Dit is gevolg deur die aksie van 'n Khoi-toordokter wat “die gees van Van Riebeeck uitgedryf het.”

Buitelandse en regerings-aandeelhouding in media

Huidige buitelandse en regeringsaandeelhouding in die media in SA behels o.a. dat die Gupta-familie van Indië, met hul sterk ANC-bande, *The New Age* dagblad besit, asook die ANN7 TV-kanaal. Verder het twee Chinese maatskappye in 2013 'n 20% aandeel in *The Mail & Guardian* gekoop. 25% van hierdie koerant behoort aan die SA-staatsbeheerde *Public Investment Corporation* (PIC), die staatsdiens pensioenfonds. Voorts het StarTimes van China in 2014 'n aandeel van 20% in TopTV (intussen hernoem na StarSat). Laasgenoemde, met bedrywighede in 16 Afrikastate, het verlede jaar probeer om drie volkskaalse pornokanale in SA goedgekeur te kry, maar dit is genadiglik afgesket.

AfriForum strafregtelike klagte teen Malema oor grondgryp

AfriForum het strafregtelike klagtes teen die leier van die Ekonomiese Vryheidsvegters (EVV), Julius Malema by die Brooklyn Polisiestasie ingedien nadat Malema sy ondersteuners direk aangemoedig het om grond landwyd te beset. Afriforum sê “die klag is gegrond op die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond ingevolge waarvan dit onwettig is vir 'n persoon om grond te beset sonder die toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die grond. Malema maak hom daaraan skuldig dat hy poog, saamsweer en mense uitlok om 'n misdryf te pleeg. AfriForum sal nie toekyk hoe mense aangehits word om die wet te oortree nie. Malema moet beseft dat sy grondgrypbeleid nie sonder teenstand deurgevoer sal word nie. AfriForum sal enige grondgrypbeleid met alles tot ons beskikking beveg. In reaksie op Malema se aankondiging dat 'n fonds gestig sal word om mense wat weens onwettige grondbesettings in hegtenis geneem word, se borgtog te betaal, sal AfriForum ook 'n fonds stig om grondgrype teen te staan.”

Chinese bedrieg Standard Bank met R854 miljoen

Dit word berig deur *Mining Weekly* dat die Industrial and Commercial Bank of China vir Standard Bank d.m.v. vals aluminium uitvoertransaksies met sowat R584 miljoen bedrieg het. Die aluminium was aangebied as kollateraal vir 'n reeks ooreenkomste vir kommoditeit finansiering by Chinese metaal verhandelings maatskappye, wat veelvuldige lenings verkry het vir dieselfde enkele vrag aluminium oor en oor. Standard Bank was ook blootgestel aan bedrieglike aluminium voorrade in ander pakhuisse in die hawe van Qingdao in die Shandong-provinsie. Ondersoek oor die bedrog en korrupsie is steeds aan die gang en Standard Bank kyk na wat berig word, ernstig na die betroubaarheid van sy buitelandse handelsprosedures, spesifiek her verkryging of "repos".

Eskom benodig miljarde om te oorleef

Die HUB van Eskom Tshediso Matona sê dat die kragverskaffer 'n onmiddellike kontantinspuiting benodig vir diesel aankope ten einde operasioneel te bly. In 2013/14 het Eskom R10,5 miljard aan diesel bestee ten einde die Ankerlig-aanleg by Atlantis en die Gourikwa-

Vervolg op bl.4

UIT DIE KOERANTE (vervolg)

Vervolg van bl.3

fasiliteit te Mosselbaai te bedryf, m.a.w. R900 miljoen per maand of sowat R30 miljoen per dag. Inmiddels het Nersa vooraf goedgekeur dat Eskom in 2013/14 slegs R2,5 miljard aan diesel mag spandeer en in 2014/15 R2,7 miljard. Motona sê voorts dat beurtkrag gekom het om vir die voorsienbare toekoms te bly. Die reddingsstou van R3 miljard, wat Matona beskryf as “werk onder konstruksie”, is bo en behalwe die R20 miljard finansiële bystand wat Minister van Finansies Nhlhla Nene verlede jaar in Oktober in sy tussentydse begroting aan Eskom toegeken het.

Oplossing voorgestel vir Eskom-energiekrisis

In ‘n mediaverklaring stel AfriSake die volgende vierpuntplan voor om SA uit die donker te hou: “Dereguleer die elektrisiteitsvoorsieningsindustrie en die prysvormingsmeganisme van elektrisiteit. / Privatiseer Eskom / Die elektrisiteitsverspreidingsnetwerk behoort op konsessie basis deur privaate ondernemings bestuur te word. / Laat vaar vereistes ten opsigte van SEB en regstellende aksie sodat alle individue en gemeenskappe, ongeag ras, ‘n gelyke poging kan aanwend om die probleem op te los. Die kernprobleem met die SA elektrisiteitsvoorsieningsindustrie is dat dit al vir langer as 100 jaar ‘n oor gereguleerde en genasionaliseerde industrie is. Die enigste wyse waarop langdurige stabiliteit in die voorsiening van krag bewerkstellig kan word, is deur die oopstel van hierdie kritiese industrie.”

SABC skynbaar mondstuk vir pres. Zuma

Volgens ‘n mediaverklaring deur die DA word die waarnemende HUB van die SABC Hlaudi Motsoeneng, ingespan om te verseker dat slegs positiewe nuus oor pres. Jacob Zuma uitgesaai word. Volgens die DA het Motsoeneng in November verlede jaar senior personeel van die SABC ingeroep en gedreig dat diegene wat “negatiewe” inligting na buite lek, geïdentifiseer en in die pad gestee sal word. Na die vergadering het die forensiese eenheid van die SABC met ‘n ondersoek begin waartydens beslag gelê is op skootrekenaars van personeel ten einde enige getuies van “lekkasie” op te spoor. Dit het blykbaar ‘n gees van vrees onder SABC-joernaliste tot gevolg gehad om slaafs die redaksionele instruksies van Motsoeneng na te volg. Van hierdie instruksies is na bewering die volgende: Geen beeldmateriaal te vertoon van die EVV wat aan pres. Zuma sing “Pay back the money” / Vooraf goedkeuring van politieke gaste wat genooi word na SABC-nuus platforms / SABC-joernaliste mag nie negatief rapporteer oor die “State of the Nation Address” van pres. Zuma in die Parlement nie / Die buitengewone besluit om die ANC-fondsinsamelingsdinee op 9 Januarie 2015 met pres. Zuma as gasheer lewendig te beeldsend.

Intussen word skynbaar voete gesleep oor ‘n permanente aanstelling in die pos van SABC HUB, waarin Motsoeneng steeds waarnem, ondanks die kontroversie oor sy matrieksertifikaat.

Zuma hou vol oor Jan van Riebeeck

Ondanks die storm wat hy ontketen het oor sy uitspraak oor Blankes en Jan van Riebeeck, het pres. Jacob Zuma in ‘n onderhoud met die SABC gesê: “Dit is ‘n feit. Hulle het byna die Khoi- en San-mense in die Wes-Kaap uitgewis. Is dit ‘n anti-wit-stelling? Was daar geen kolonialisme in Suid Afrika nie? Is grond nie van hul eienaars weggevat nie? Ons kan nie die feite van die geskiedenis verander nie. Die ANC regering moes alles na 1994 regstel. Daarom sal die swere van apartheid nog lank met ons bly.”

VF Plus na MRK oor dubbele standaard m.b.t. haatspraak

In ‘n mediaverklaring sê die leier van die VF Plus dr. Pieter Mulder: “Dit wil voorkom of die Menseregtekommissie (MRK) nie konsekwent is in sy optrede nie indien klage oor die EVV met die Sunette Bridges-klage vergelyk word. Die VF Plus het verlede jaar verskeie klage van haatspraak rondom Julius Malema en die EVV ingedien by die MRK, die OB en die OVK, waarvan tot op hede niks gekom het nie. In hierdie klage is o.m. die volgende openbare uitlating t.o.v. die EVV aangehaal: ‘A revolutionary must become a cold killing machine motivated by pure hate. Honeymoon is over for white people in South-Africa’. Dit is ‘n oortreding van die Grondwet asook die Kieswet. Een van die facebook-boodskappe op Julius Malema se blad is geplaas deur ene Thato Mbateti en bevat skokkende detail oor hoe wit vroue verkrag moet word, kinders verbrand moet word en mans gemartel moet word. Hy noem dat Malema sy volgelinge voorsê om wittes te vermoor. Daarenteen het die MRK die Bridges-saak aangevoer dat sy artikel 10 (1) van die Wet op Gelykheid geskend het deur haatspraak te pleeg en dat sy ook artikel 11 van die Wet geskend het wat handel oor teistering op grond van ras. Volgens die klage moet sy ook instaan vir dit wat ander mense op haar webblad skryf. Die VF Plus sal daarom die MRK vra om te verduidelik waarom daar nie opgetree is in die EVV- en Malema-geval nie en op die dubbele standaard wys,” sê dr. Mulder.

Onderwys Alliansie “onheil vir universiteite”

In ‘n mediaverklaring sê AfriForum Jeug die sg. Onderwys Alliansie wat deur Minister van Hoër Onderwys dr. Blade Nzimande saamgestel is, het hul gevaar vir hoër onderwys in die land bewys deur aan te beveel dat alle registrasie- en aansoekgelde by alle universiteite geskrap moet word. “Universiteite het dit duidelik gemaak dat hulle reeds in ‘n finansiële penarie is. Daar is jaarliks betogings rondom die nasionale studentefinansieringshulpskema (NSFAS) wat onvoldoende is om aan die finansiële verwagtinge van universiteite en studente te voldoen. Om nou nog meer finansiële druk op universiteite te plaas, gaan slegs

Vervolg op bl.5

Geagte lede en vriende.

Is u ‘n aspirant joernalis?

Wil u graag ‘n artikel vir die Sweepslag skryf?

Wil u kommentaar lewer op iets wat in die Sweepslag geskryf is of op iets in u eie gebied of selfs op iets wat in die nuus is?

Stuur gerus u artikels en kommentaar aan:

sweepslag@awb.co.za

Miskien verskyn *jou* artikel in die volgende uitgawe!

Vervolg van bl.4

veroorzaak dat universiteitsgelde in geheel onbekostigbaar duur gaan

raak. Die departement moet ook kyk of die sowat R2 miljard wat verlede jaar nie deur die Setas vir opleiding gebruik is nie, nie eerder na die NSFAS oorgeplaas moet word nie. Die blaam kan egter nie net op die departement geplaas word nie, universiteite moet ook hand in eie boesem steek. Meer eksterne skenkers moet gesoek word en universiteite se alumni moet gemobiliseer word om bydraes te lewer. Alumni van talle universiteite voel tans vervreem weens geforseerde transformasie by die instellings,” aldus AfriForum Jeug

Vrae oor “bevelvoerder van die presidensiële straler”

In 'n mediaverklaring vra die DA dat Minister van Hoër Onderwys dr. Blade Nzimande 'n volledige ondersoek, insluitende 'n prestasie- en forensiese oudit, na die SA Flight Training Academy wat besit word deur Nlanhla Dube, wat homself beskryf as “bevelvoerder van die presidensiële straler” en dat hy befonds word deur die National Skills Fund. Hoewel een van die oogmerke van hierdie fonds is om 100 “voorheen benadeelde” vlieëniers op te lei onder die Vukani Aviation Project, is egter die gemiddelde opleidingskoste van R1 267 303 per vlieënier by die SA Flight Training Academy buitensporig in vergelyking met soortgelyke programme. Bowendien het die SA Burgerlike Lugvaartowerheid in 'n oudit bevind dat “bedrywighede by die vliegskool onaanvaarbaar is”. Volgens die DA het die National Skills Fund tot op datum minstens R66 643 975,97 in die SA Flight Training Academy ingepomp onder die Vukani Aviation Project.

Polisie-onvermoë lei tot onwettige grondroof

In reaksie op die toenemende hoeveelheid betredingsklagtes teen die EVV, sê AfriForum in 'n mediaverklaring: “Grondeienaars verloor hul grond weens onkunde en ook die onvermoë van sommige Polisiestasies om betredingsklagtes te hanteer. Plase, plote en munisipale grond word deur massa besettings oorgeneem en in baie gevalle vind dit plaas omdat die polisie nie ingevolge die Wet op Betreding van Eiendom wil optree nie. Die publiek moet daarvan kennis neem dat hulle onmiddellik 'n klag van betreding by die Polisie moet gaan indien wanneer hulle bewus word van enige plakkers wat hul grond beset of beset het. Grondbesetters verkry 'n soort verblyfreg as hulle onverstoord toegelaat word om voort te gaan om grond te beset en kan dan slegs teen hoë koste deur 'n hofbevel verwyder word. In uitspraak in die sake Mbangi v Dobsonville City Council en Kgosana v Otto het die hof beslis die betreders het nie vredevol en ongestoord op die betrokke grond gewoon nie en gevolglik nie wetlike beskerming teen uitsetting geniet nie.”

Poskantoor op rand van ineenstorting

Volgens die jaarverslag van die SA Poskantoor wat pas vrygestel is, word 'n verlies van R1,3 miljard verwag vir die boekjaar eindigende Maart 2015, teenoor 'n verlies van R358 miljoen in die vorige boekjaar. Die verliese is hoofsaaklik toe te skryf aan vrugtelose en verkwiste uitgawes, verliese weens misdaad en onregmatige besteding. Die verslag is vier maande laat by die Parlement ingedien. Aan die positiewe kant word in die jaarverslag genoem dat die totale bates van die Poskantoor teen 31 Maart verlede jaar R2,438 miljard meer was as die totale laste, wat beteken die instelling was dus solvent. Desnieteenstaande meen onafhanklike ouditeurs in die verslag dat twyfel bestaan of die Poskantoor teen die einde van die huidige

**Koerantberigte en kommentaar is
direk geneem vanuit die volgende
bronne: Maroela Media, Ditsem
Nuus en Die Vryburger**

boekjaar nog 'n lopende onderneming gaan wees.

Oud-SAW's in Nigerië teen Boko Haram

Na berig word gaan oud-soldate van die SA Weermag ingevolge 'n regeringskontrak met Nigerië, opleiding verskaf aan die Nigeriese weermag in hul offensief teen die terreurgroep Boko Haram. Tans wil dit voorkom asof die Nigeriese regering 'n verloor stryd in die noordooste van die land teen hierdie ekstremistiese en moorddadige Moslem-terreurgroep voer. Hoewel SA wetgewing Suid-Afrikaners as huursoldate in die buiteland streng verbied, wil dit voorkom asof in hierdie geval op tegniese punte 'n uitsondering gemaak word. Dit wil voorkom asof die oud-SAW-lede streng nie by oorlogsvoering betrokke sal raak nie, maar slegs opleiding en verbetering van teeninsurgensie vermoë aan die Nigeriërs verskaf. Hul ervaring uit die SA bosoerlog in die vorige eeu word as van onskatbare waarde beskou. Daar is algemene internasionale druk dat Boko Haram in Nigerië gestuit moet word.

Staatsadvertensies van R10 miljoen vir The New Age

Uit 'n Parlementêre antwoord deur Minister van Kommunikasie Faith Muthambi, blyk dit dat die regering in die huidige finansiële jaar reeds R10 miljoen bestee het aan staats advertensies geplaas in die koerant *The New Age*, wat aan die Gupta-familie behoort en sterk pro-ANC-regering is. Dit verteenwoordig 11,2% van regeringsbegroting op gedrukte media vir die jaar. In reaksie hierop wys die DA daarop dat *The New Age* slegs sowat 153 000 lesers het, teenoor bv. die *Daily Sun* met 5,3 miljoen lesers en die *Sonetan* met 1,6 miljoen lesers.

KONTAK ONS

AWB Hoofkantoor

018 264 3669

Fax: 018 264 2516

mtb@telkomsa.net

AWB Natalia

076 531 2797

adminnatalia@awb.co.za

AWB Pretoria

076 119 7589

awbpretoria@gmail.com

AWB Rustenburg

084 250 2150

rustenburgawb@gmail.com

AWB Weskaap Kantoor

021 903 4248

admin@awbweskaap.co.za

AWB Noord- & Oos-Transvaal

074 239 1503

pieteran@gmail.com

Rol van Zuma

Ons sê dit baie versigtig, maar as gekyk word na die gemanipuleerde wyse waarop Jacob Zuma in 2009 in die plek van Thabo Mbeki as staatspresident aangestel is, ondanks meer as 700 korrupsie-aanklagte teen hom en hy sedertdien op besondere wyse beskerm word teen aanvalle oor verdere growwe vergrype soos die Nkandla-saga, dan kom die vraag op of hy nie 'n spesifieke doel dien vir magte groter as die ANC nie.

Word ook gelet op sy jongste uitlatings in Kaapstad waar hy in effek oorlog verklaar het teen die blanke deel van die SA bevolking, asook hoe die land van die een nasionale krisis na die ander steier, kom die verdere vraag op of Zuma nie daarop ingestel is en gebruik word om SA na 'n staat van rewolusie te lei nie?

Steve, Sunette en Zelda

Geweldig stof is opgeskop rondom onlangse uitlatings van Steve Hofmeyr, Sunette Bridges en Zelda le Grange.

Na alles, as jy mooi kyk - het al drie van hulle drie dinge gedoen: Hulle het feitelike waarheid gepraat; hulle het niemand beledig nie; hulle het opgestaan vir die Afrikaner/Blanke.

Van die kritici wat hierdie drie egter die ergste beledig het en hulle die verste van hulle af gedistansieer het, is Afrikaners – kwansuis hul eie mense.

As sg. Afrikaners die dag skaam is vir hul Afrikanerskap, is dit ikabod met hulle, want die geskiedenis bewys klokslag as jy jou identiteit verloor, sink jy spoedig.

Voormalige Amerikaanse president Dwight Eisenhower het gesê: "People who value privileges above principles, soon lose both." Dit geld ook vir die Afrikaner van vandag.

Ons sê dat met die gevalle van Steve, Sunette en Zelda word die skeidslyn vir die Afrikaner getrek – aan die een kant die wat deur dik en dun sê: "Ek is 'n trotse maar nederige Afrikaner" en aan die ander kant diegene wat die vleispotte van Egipte verkies.

Daar is nie 'n middeveg nie!

Grondgryp – Agab-hebsug

Terwyl 'n mens altyd in beginsel positief moet wees en geloof behou, moet jy ook realisties wees en sien dat dinge tans in Suid-Afrika besig is om lelik – baie lelik – skeef te loop. Een van die onrusbarende verwickelinge is die georkestreerde dryfveer om Blankes van hul grond en besittings te beroof. Daaroor moet daar nie illusies wees nie.

Die staatshoof het verlede maand in Kaapstad oorlog verklaar teen Blankes, ondanks die feit dat hulle regstegnies ook sy onderdane is.

Hoe ernstig die kwessie van "grondhervorming" oftewel grondgryp is, kan gesien word indien die verhaal in die Bybel van Agab en Nabot weer nagelees word. Nabot was de regmatige grondeienaar van die plaas wat aan hom behoort het, maar Agab (die staat/regering), wou dit met 'n brandende begeerte hê. In daardie geval het dit ook so gebeur, maar die verdere verhaal wys dat dit deur die Here as 'n verskriklike sonde gereken is en dat Sy wraak daarvoor uiteindelik voltrek is.

Vir Blankes vandag in SA is die les duidelik. Hou vas aan die Bybelse beginsel en aan jou eiendom, ten alle koste.

Chaos in die Parlement

Die chaos op 12 Februarie 2015 in die Parlement met die lewering van die Staatsrede deur Jacob Zuma noop ons tot die volgende opmerkings:

- Die EVV is deur en deur, binne en buite die Parlement, 'n klomp terroriste. Hulle verbreek die grondwet en ander wette van die land willens en wetens, hulle stig openlik rewolusie en

burgeroorlog in SA aan, is rassisties anti-blank, hul leier Malema staan tereg dat hyself miljoene rand belastingbetalersgeld gesteel het en hulle het waarskynlik militêre opleiding in Zimbabwe ontvang.

- Die EVV-ontwrigting van die Staatsrede was 'n terroristiese vertrapping van die grondwet en die speaker het alle reg gehad om hulle met geweld uit die Parlement te verwyder. Ons sê Zuma het die Nkandla-geld gesteel en moet dit terugbetaal, terwyl hy soveel kriminele aanklagte teen hom het dat hy eerder in 'n oranje DKD-oorpak moet wees as om in die "Prezmobile" te ry. Nietemin, hy is steeds amptelik die staatshoof en het hy as uitvoerende gesag ingevolge die grondwet na die wetgewende gesag (Parlement) gegaan om sy beleidsverslag (Staatsrede) te lewer. Dit was derhalwe nie die plek, tyd en geleentheid om aan te dring op 'n versuim/mislap aan sy kant nie, soos die EVV dit met bedekte bedoeling probeer doen het.
- Die "withemde" wat die EVV uit die Parlement verwyder het, was duidelik 'n spesiaal-opgeleide korps om belhamels vinnig, effektief en met minimum geweld uit 'n skare te verwyder. As sulks het hulle deel uitgemaak van polisieering/beveiliging ter wille van wet en orde binne 'n veronderstelde beskaafde regstaat. So, wat maak dit saak onder presies watter afdeling van wet en orde hulle ressorteer?
- Die ander groot verloorder van die aand was die DA – pleks dat hulle as amptelike opposisie met staatman statuus optree, het hulle gegaan vir politieke opportuniste en op 'n sg. regstegniese punt die Parlement verlaat, in stilswyende solidariteit met die EVV. Daarmee het hulle aan die optrede van laasgenoemde legitimiteit verleen.
- Die debakel in die Parlement is moontlik net nog 'n stap op die huidige pad om SA doelbewus na 'n rewolusie te druk. Eskom se verlamme krisis, die openlike ongelooflike korrupsie, die geweldige groei in armoede en werkloosheid in die land, die onophoudelike individuele moorde van swart op wit, die legitimisering van grondgryp, verskerpende anti-blanke retoriek, ens., is ander aanduidings van hierdie pad wat gevolg word.

Eskom-krisis: Voorkomende optrede

Kom ons praat positief oor die Eskom-krisis: Hoewel die aanduidings is dat dit op dunner ys is as wat algemeen voorgehou word, is dit die beste vir gewone welmenende landsburgers om o.m. soos volg konstruktief daarop te reageer: As Eskom vou en daar nie elektrisiteit, water, sekuriteit en Internet is nie, dan moet mense gerat wees om in al vier hierdie opsigte hulself te onderhou, te handhaaf en te verdedig. Hoe is die vraag, maar terselfdertyd bied dit ook die kritieke uitdaging vir elke individu, dorp, woonbuurt, gemeenskap en bevolkingsgroep.

Die Eskom-situasie lui moontlik 'n nuwe, ongekende fase in die geskiedenis van SA in.

Ope brief aan die boere

Beste boer,

Die Minister van landelike ontwikkeling en grondhervorming, Gugile Nkwinti, het pas 'n nuwe wetsontwerp bekend gemaak wat ten doel het dat elke (Blanke) boer in hierdie land, die helfte van sy plaas vir sy swart arbeiders sal moet gee. Ek neem aan dat hierdie nuus alreeds by jou uit gekom het en ek neem aan dat dit jou met reg ontstel.

Ek verstaan ook dat hierdie "voorstel" eers oor ten minste tien

Vervolg op bl.7

Vervolg van bl.6

maande gaan wetgewing word, aangesien daar nou 'n publieke deelname proses gaan wees en ook moet die wetgewing deur die parlement goed gekeur word. Moet egter onder geen elisie verkeer nie, die parlement sal waarskynlik hierdie wetgewing goedkeur want die besluitnemers aldaar glo blykbaar dat alle onregte teen die Blankes geoorloof is.

Die feit dat hierdie onsinnigheid eers oor amper 'n jaar wetgewing gaan word, laat tyd en ruimte om voor te berei vir die situasie. Jou plaas gaan jy egter in alle waarskynlikheid nie nou verkoop kry vir die ware markwaarde nie, want wie sal nou markprys vir 'n plaas betaal wat hy oor 'n jaar die helfte gaan moet weg gee.

Die begunstigdes van hierdie voorgenome wetgewing, is die swart werknemer. Indien jy egter nie swart werknemers het wanneer die wet in werking tree nie, het jy nie die risiko om die helfte van jou plaas te verloor nie. Die alternatief is meganisasie of om die potensiele arbeidspool wat tans in sogenaamde blanke plakkerskampe sit te ontgin. Waarskynlik gaan jou plaas sommer heelwat veiliger ook wees, sou jou besluit om hierdie roete te volg. Dit is 'n bekende feit dat "n boer maak 'n plan", maar hierdie plan, het 'n verval datum van 10 maande.

Groetnis,
Piet Potlood

Daar's rotse in die pad

Vir my is daar nie net 'n paar klippies in die skoen wat hinder nie, daar is sommer rotse in die weg van ons volk wat 'n stryd voer om weer 'n vrye volk te word.

Dit is Eskom, die onder-voorsiener van elektrisiteit, die munisipaliteit wat ondergraad water verskaf wanneer hulle wel water voorsien; die Inkomstediens is besig om in duie te stort sodat sekere skurke kan voortgaan met hulle kullery met inkomste en winste.

Net so is dit dat die burgery 'n onuitgesproke vrees het dat 'n polisiebeampte sommer sal skiet op onskuldige mense, en heers daar 'n benoudheid dat een of ander klein eilandjie nie sy weermag stuur en ons land kom annexeer nie...

Die kwellings dat baie volksgenote apaties geraak het, net praat en niks doen om die volkseconomie te versterk sodat ons ook daardie deel van die stryd suksesvol sal deurvoer, maak mens erg bekommerd.

Ons sit met 'n klein klompie daders, en 'n massiewe lot praters wat koes vir die daad! Ek wonder hoeveel daders is daar – want ek sien net 'n klein klompie wat betrokke is by 'n menigte aksies – maar lees ek Die Vryburger, dan is daar 'n duisternis praters wat in hulle kommentaar beledig, skel, twis en tweedrag saai, wat my laat glo hulle is dalk aangestel deur die owerhede om ons volk verder te versplinter.

Waar is ons met ons volk se wonderlike leuse?

“Eendrag maak mag”

J. H Oelofsen

Lewe in die KRA

In die Kommukrate Republiek van Azanië is daar sekere unieke reëls wat enige burger moet besef. Dit is dieselfde reëls wat nog altyd gegeld het, glad? nie meer nie. Dit is die reëls wat deur Orwell se varke bygewerk is. Die verskil is dat by Orwell se plaas was die varke uiters intelligent. In KRA is hulle semi-geletterd en is hul aangepaste reëls aansienlik meer ooglopend. Orwell se “*All animals are equal...but some animals are more equal than others*” word in die KRA “*All animals are equal...but the more animal the more equal*”.

Hier is dus 'n paar riglyne vir lewe in die KRA.

Eerstens, as jy amnestie of parool wil kry moet jy nie verbind word aan 'n moord nie, jy moet hom self pleeg. Hoe gewelddadiger hoe beter. Jy moet dit ook nie probeer wegsteek of probeer wegkom daarmee nie. Jy moet verkieslik nog met die bloed aan jou hande

betrap word met vingerafdrukke op die moordwapen en met foto's van jou en jou maatjies op die slagoffer se Bakkiesblad. ??

Jy moet ook in goeie gesondheid wees. (Die maatstaf is om nog 18 putjies golf te kan speel of om in staat te wees om 'n fotograaf te kan uitslaan of stoei vir sy kamera) Enige werklike chroniese of lewensgevaarlike siektes diskwalifiseer jou onmiddellik. Jy moet ook jonk wees. Hoë ouderdom verlaag ook jou kanse aansienlik.

Tweedens, as jy 'n politieke loopbaan oorweeg en jy tans in matriek is, heroerweeg - jy is reeds oorgekwalifiseer. Enigiets bo graad 8 is te veel. Indien jy wel verder geskool is, moet jy ten minste kan toon dat jy deurgesit is (verkieslik deur 'n baie lae punt in 'n vak soos houtwerk, te kan toon). Enige vorm van logika moet ook onmiddellik afgeleer word. Dit kan baie nadelig wees. Enige boek op jou rak waarvan die outeur aangetoon word as “Dr.” moet waai. (behalwe Dr. Seuss). Om die waarheid te sê, enige boeke hoegenaamd is taboe. Skandale, geldverdoeseling en korrupsie met tenders vertoon goed op 'n CV. Verder noem jy net jou rassisme politiek en jy is reg vir die parlement. (CJ Langenhoven het destyds al gevra: “Waarom is my politiek altyd rassisme en jou rassisme altyd politiek?”)

Derdens, vir 'n possie in die staatsdiens of semi-staatsinstellings (ook bekend as semi-funksionerende instellings), is boeke weer handig. Hoe meer hoe beter. Dit hoef nie alles in dieselfde veld te wees nie en jy hoef nie eens enige van hulle te lees nie. Dit komplimenteer net jou nagemaakte grade wat in plastiek rame aan jou kantoor muur hang. Op jou CV kan jy dan kwalifikasies bylieg by universiteite wat nie bestaan nie. Om vriende te wees met enige iemand uit die voorafgaande paragraaf kry jou outomaties in jou pos.

Al bogenoemde wenke dra natuurlik 'n voorwaarde-klausule. Jy kan nie een van Orwell se pienk varke wees nie, jy moet 'n swart vark wees, verkieslik 'n bosvark.

Tot volgende slag.

Die Sweep

Die regte Oorlog

Afrikaners is hulle eie ergste vyand, met meestal negatiewe en pessimistiese sieninge oor die wêreld rondom ons, dit is egter dieselfde siening wat deur sekerlik alle ander rasse groepe ook gedeel word. Daar is elke dag oorlog nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld :

– Op die geloofs-veld beveg almal die Muslim / Islam golf;
– Op die besigheids- en ontwikkelingsveld beveg almal die Ooste en veral China se goedkoop arbeid agterbakse strategieë om 'n fondasie op al ons natuurlike hulpbronne te sit, met goedkoop produkte wat ons eie vervaardigde produkte tot niet dryf, maar oor naweke is Plastiek “Fabrieke” en die Chinese Malls propvol Afrikaanse mense wat soek vir 'n "bargain";

– Op die politiese veld veg ons natuurlik die regering van die dag, want hulle was van die begin af nie bekwaam en geskool in die etiese en nederige bestuur van 'n land nie.

Daar is talle ander daaglikse oorloë wat elke dag reg oor die wêreld op persoonlike vlakke geveg word en die Afrikaner se stryd is nie uniek nie. Net soos wat die Regering van die dag nie meer agter apartheid kan wegkruip en ons die skuld vir ons land se probleme gee nie, is dit hoog tyd dat die Afrikaanse mense weer soos al ons Boere, hand aan hand met alle ander Suid-Afrikaners werk om ons land vorentoe te vat, deur fisiese arbeid, nie deur brandewynpraatjies om die vuur wat ons almal vet en sinies maak nie. Die wat oorsee wil gaan wegkruip, moet so doen, maar ek wil niks hoor van hulle hartseer of verlange nie, ek wil niks hoor van hulle woede en verontregtheid nie.

Word wakker Boere, rol jou moue op en maak 'n plan! Kry jou eie hande vuil in die stryd.

Chris

DURBAN 'N BLIK UIT DIE VERLEDE

NEW SERVICE LINKS DURBAN, PORT ST JOHNS & EAST LONDON



Durban 1922 — the 150 ton steamship Frontier has commenced trading between Durban, Port St Johns and East London. The vessel which lay disabled on the Durban breakwater for a period was purchased by

Captain John Edward Grindrod and Mr Leon Renaud. She has been refloated and re-equipped and will sail under the SS Frontier Company flag and named Frontier. Anticipated cargoes are likely to be sugar, oil, timber, hides, wool and possibly livestock.



West Street, Durban.



Durban Beach & Amphitheatre



Aerial View of Durban.



South Beach, Durban

DURBAN 'N BLIK UIT DIE VERLEDE





UIT DIE WOORD
1 Korintiërs 10:1 - 12

WEES GEESTELIK
WEERBAAR

1Kor 10:1 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, **10:2** en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, **10:3** en almal dieselfde geestelike spys geëet het, **10:4** en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. **10:5** Maar God het in die meeste van hulle geen welgevallen gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. **10:6** En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. **10:7** En wees ook nie afgodediënaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. **10:8** En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle behoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. **10:9** En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekome. **10:10** En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekome. **10:11** Maar al hierdie dinge het hulle oorgekome as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekome het. **10:12** Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Vanuit die Skrif is dit duidelik dat die volk van die Here uit individue bestaan het wat almal dieselfde geestelike voorregte geniet het, maar hulle het nie die krag gehad om staande te gebly het nie. Ons lees dat die meeste van hulle vir God onaanvaarbaar was:

1Kor 10:5 Maar God het in die meeste van

hulle geen welgevallen gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn.

Hulle was veronderstel om die voorbeeld te gewees het vir almal om hulle, want hulle het reeds die groot daad van die Here gesien in Egipte met die tien plaes, en ook by die Rooi See waar God die Egiptenare se weermag verdrink het. Tog het hulle nie geestelik sterk gestaan en naby aan die Here gebly nie, en God wat hulle vriend moes wees het in die meeste van hulle geen welgevallen gehad nie. Hulle was neer geslaan in die woestyn.

Die Boervolk het eweneens die groot hand van die Here gesien in haar verlede, soos in ons geskiedenis uitgebeeld by die slag van Bloedrivier en in die Eerste Vryheidsoorlog/Eerste Anglo-Boereoorlog, veral soos onthou word by die gebeure van Majuba. Dit is egter moontlik om ook die Here se hand te gesien het, maar nou in 'n volk te verander wat ongelowig is en leef voor God. Ons word derhalwe vermaan om die voorbeeld van Israel te onthou, en veral dat God steeds enige volk in die spreekwoordelike woestyn sal neerslaan as sy haar nie tot God bekeer nie. Ons het in die aanhef dit gestel:

1Kor 10:6 En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. **10:7** En wees ook nie afgodediënaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. **10:8** En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle behoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval.

As AWB stel ons dit dat ons deur middel van die Beweging, weerstand wil bied teen die onreg wat die witman aangedoen word, en per implikasie ook die onreg wat elke ander volk aangedoen word wanneer hulle eie identiteit ontken sou word om oor hulleself te regeer. Ons weerstaan die gedagte dat kulture sodanig moet vermeng asof God nie die een was wat verskillende volke daar gestel het nie. Die voorbeeld van Israel om as eie volk haarself te moes suiwer hou, is vir ons genoeg om 'n Bybelse apartheid te identifiseer en met vrymoedigheid te wil uit leef in 'n wêreld wat voortdurend vyandig gesind is teenoor

God en Sy Woord.

1Kor 10:11 Maar al hierdie dinge het hulle oorgekome as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekome het.

Ons durf nie anders dink as die Bybel bloot omdat die politiek van die dag anders sou dink en praat as die Bybel nie.

Nehemia het sterk gestaan wat dit betref het, te midde van talle vyande:

Neh 13:23 In dié dae het ek ook Jode gesien wat Asdodiese, Ammonitiese, Moabitiese vroue getrou het. **13:24** En van hulle kinders het die helfte Asdodies gepraat, of die taal van watter volk ook al; maar hulle kon geen Joods praat nie. **13:25** Daarom het ek met hulle getwis en hulle gevloek, en sommige van hulle geslaan en die hare uitgepluk en hulle by God besweer: Julle mag julle dogters nie aan hulle seuns gee, en julle mag nie van hulle dogters vir julle seuns of vir julle self neem nie! **13:26** Het Salomo, die koning van Israel, nie deur hulle gesondig nie? Alhoewel daar onder baie nasies nie 'n koning gewees het soos hy nie en hy 'n liefsting van sy God was, sodat God hom as koning aangestel het oor die hele Israel, het die vreemde vroue hom tog sonde laat doen. **13:27** Moet ons nou van julle boor dat julle al hierdie groot kwaad doen, om ontrou te handel teen God deur vreemde vroue te trou?

Esra wat in dieselfde tyd as Nehemia opgetree het om die godsdienstige verval van die volk te moes herstel, het saam met die leiers in Esra 10 besluit dat elkeen wat in die ballingskap tyd 'n vreemde vrou getrou het, en kinders by haar verwek het, moes hulle terugstuur na hulle land van oorsprong, met die baster kinders.

Die klem word dikwels verkeerdelik geplaas daarop dat die AWB ander volke sou haat deur apart te wil leef in haar eie volkskultuur. Die waarheid is egter dat ons uit liefde vir ons eie, en uit liefde vir God Sy voorbeeld soos geïllustreer in die volk Israel se lewe en geskiedenis wil handhaaf. Die beste weg is altyd om God te eer en te respekteer vir hoe Hy dinge in die begin bepaal het, want dit werk beter. Ten einde 'n Beweging te wees wat werklik ons volk hierin wil dien, sodat haar identiteit behoue kan bly, is dit ons eerste plig om sterk te staan wat

Vervolg op bl.11

Vervolg van bl.10

ons geloof en vertroue in die drie-enige God van die Bybel betref. Ons kan immers nie voor loop as Beweging as ons nie op die regte plek sou begin nie.

1Kor 10:12 *Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.*

Dit sou ons nie baat ons weet wie ons as volk moet wees, maar ons weet nie wie ons veronderstel is om IN CHRISTUS te wees nie. Dit is waarom ons moet sorg dat ons geestelik weerbaar is teen die aanslae van ons tyd, nie net wat ons uitsprake betref wat afsonderlike ontwikkeling behels nie, maar ook wat ons veronderstel is om te wees as mense wat hulle identiteit in Christus ontdek het en ken en sou uitleef.

Die Nuwe Testament stel dit so:

2Kor 6:14 *Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? 6:15 En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? 6:16 Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die levende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. 6:17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; 6:18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.*

Ten einde as lede van die Beweging sterk te kan staan in die geestelike aanslag op ons volksbestaan, stel ons as basis daarvoor sekere waarhede vanuit die Skrif:

'n Skriftuurlike Basis vir die gedragskode en optrede van AWB lede

Elke organisasie bestaan uit mense en waar mense is, is dikwels oortreding van reëls teenwoordig. Dit kan dikwels nie anders nie, want die profeet van ouds het verklaar:

Jer 17:9 *Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?*

Daarby vind ons ook die woorde van die Here Jesus self in:

Mat 12:34 *Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat ternyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond. 12:35 Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn. 12:36 Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. 12:37 Want uit jou woorde sal jy geregtig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.*

Behalwe Jeremia en Jesus, sien ons ook in die sendbrief aan die Romeine dat Paulus sy stem daarby voeg:

Rom 3:9 *Wat dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is, 3:10 soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. 3:11 Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. 3:12 Hulle het almal afgenyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.*

Die element van opset is gewoonlik teenwoordig waar 'n oortreding plaasvind, maar elke oortreding is nie noodwendig altyd met opset nie, maar soms vanuit laksheid of bloot agterloosigheid of dalk nalatigheid en laastens maar nie die minste in belangrikheid nie, a.g.v. onkunde. Die Skrif verklaar immers:

Hos 4:6 *My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.*

Dit is dus volgens die Skrif geen verskoning wanneer ons sou oortree en onself wou verskoon en sê "ons het nie geweet nie." Die bevel van die Skrif is aan elke mens om reg te maak waar hulle verkeerd gedoen het en om hulle gedrag te verander waar dit in stryd is met die hoogste gesag, naamlik in stryd met die Woord van God.

Spr 29:18 *As daar geen openbaring is nie,*

word die volk bandeloos; maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy.

Ons moet daarna streef om geestelik sterk te wees in die Here aangesien:

1) GOD ALLEEN DIE HOOGSTE GESAG IS

Of mense dit wil weet of nie, alleen die God van die Bybel is die hoogste gesag en outoriteit, en derhalwe eis Hy dat elke mens hulle sal bekeer en sal inval by Sy Wet en Woord.

Hand 17:29 *As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie. 17:30 God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, 17:31 omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.*

Die AWB se embleem bevat die drie sewes. Dit stel die volmaakte getal voor, en dat ons na die volmaaktheid wat God aan ons voorhou in Sy Woord streef. Dit is ook die opdrag aan die mens:

Mat 5:48 *Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.*

Ten einde geestelik weerbaar te kan wees, moet ons ons afhanklikheid aan die Heilige Gees verklaar teenoor die Vader elke dag:

2) AANGESIEN DIE HEILIGE GEES IN GOD SE KINDERS WOON

1Kor 3:13 *elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aannys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. 3:14 As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; 3:15 as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen. 3:16 Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? 3:17 As iemand*

Vervolg op bl.12

Vir die tempel van die Here sal die Here God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.

Natuurlik is die vleeslike mens nie vanuit homself in staat om volmaaktheid uit te lewe nie, maar die opdrag is daar en moet nagestreef word. Vir hulle wat die Skrif se gesag aanvaar as van God-drie-enig af, is die strewe na daardie volmaaktheid 'n verstandelike aanvaarding, maar ook 'n harts oorgawe sodat die Heilige Gees wat in God se kinders se harte leef, die oorwinning kan gee van sodanige oorwinning oor die sonde en wetteloosheid wat teen die Woord van God is.

Efes 5:17 Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is. *5:18* Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vernul.

Dit is alleenlik die Gees van God wat in mense wat aan Hom behoort se harte leef, wat die oorwinning oor sonde 'n reël kan maak in mense se lewens en nie die uitsondering op die reël nie. Dit is hierdie uitgangspunt wat veronderstel is om in die gemeentes van die Here gehandhaaf behoort te word. En is elke ware gemeente, wat sou bestaan uit ware kinders van die Here veronderstel om die Here Jesus se gedragkode te handhaaf ten einde uit te staan as anders as die ongeredde wêreld.

3) TEN EINDE GEESTELIK WEERBAAR TE WEES: MOET ONS GODDELIKE DISSIPLINE HANDHAAF TEENOOR OORTREDERS

Ons sien die belangrikheid van orde en dissipline in die feit dat Jesus Christus die raamwerk vir tug aan die volk voorgehou het:

Mattheus 18:15 En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; *18:16* maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. *18:17* En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente;

en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar. *18:18* Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbond wees. *18:19* Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. *18:20* Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.

Derhalwe benodig enige organisasie of beweging 'n kode waarby sy haar lede moet hou ten einde orde te kan handhaaf, want die oortreding sal daar wel wees deur haar lede. Die Here belowe Sy teenwoordigheid aan hulle wat Sy heiligheid erken en dienoreenkomstig sou optree.

Psalms 15:1 'n Psalm van David. HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg? *15:2* Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek; *15:3* wat nie rondgaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie; *15:4* in wie se oë die verworpene veragtelik is, maar hy eer die wat die HERE vrees; al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie; *15:5* wat sy geld nie gee op woeker en geen omkoopgeskenke aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie.

4) WIE GEESTELIK WEERBAAR IS KAN DIE SEËN VAN DIE HERE VERWAG

Deuteronomium 30:1 En as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen die HERE jou God jou verdryf het, *30:2* en jy jou tot die HERE jou God bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, *30:3* dan sal die HERE jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen die HERE jou God jou verstrooi het. *30:16* Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooe en sy insettinge en sy verordeninge te

hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.

Ons as Beweging spoor die volk tot verootmoediging sodat die Here die vloek wat oor ons is kan verander en ons in genade kan aansien.

2 Kronieke 7:11 En toe Salomo die huis van die HERE en die huis van die koning voltooi het, en alles wat in Salomo se hart gekom het om in die huis van die HERE en in sy huis te maak, voorspoedig uitgevoer het, *7:12* verskyn die HERE in die nag aan Salomo en sê vir hom: Ek het jou gebed geoor en hierdie plek vir My as 'n offerhuis verkies. *7:13* As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, *7:14* en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel boor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. *7:15* Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek. *7:16* So het Ek dan nou hierdie huis verkies en geheilig, dat my Naam daar kan wees tot in ewigheid, en my oë en my hart sal altyd daar wees.

God was nog nooit daarmee tevrede dat Sy volk afvallig en wetteloos moes leef nie. Die tempel was in die Ou Testament waar Hy Sy teenwoordigheid wou laat geld het om aan te toon dat Hy wel met Sy volk was. Sou hulle daar gaan bid en offer en Sy aangesig soek, sou Hy Sy seën gebied oor hulle, mits hulle hul wel sou bekeer tot Hom. Droogte of pes of die vyand wat oor hulle sou heers sou die bewys gewees het dat God Sy hand van hulle terug getrek het.

Laat jou beweeg om jou te verootmoedig, en oefen jou in die godsaligheid sodat jy geestelik sterk kan staan in hierdie tyd van versoeking en geestelike afval en dat die Here ons sal verlos en 'n toekoms vir ons sal verseker.

Amen
Ds. Ferdie Devinier

UIT 'N BOER SE PEN

Daar's niks nuuts onder die son nie - en in die skaduwee brand Suid-Afrika

Sweep:

As gister se Boer 'n slag kon dwaal
Waar vandag se poefters poeiers maal
En manne giggel in die klubs
Met handjies fyn, gemengde taal

Sou die boer 'n wilgersweep
Op die sypad sit en vleg
En met 'n bulderende kreet;
Die mannemoed met sweeps slag meet

"Ag maar moenie nou hier rond kom preut
Ons lewe in 'n ander tyd
In blinkend zoemtjor, selfoon beet
Waar manne sensitief moet heet"

Daar is tog hier 'n fout, sien wel:
Dit het een kant toe oor, te ver gehel
En dat die voorland van die spul
Net nog traantjies sal voorspel

En dink 'n slag wat sal gebeur
Met TV vangeliste en dies meer;
As
Met sweep en roede die liewen Heer
Nog 'n slag hierheen terugkeer?

Eugene Ney Terre Blanche

Vir die toekoms

Sommiges stry om hul taal te praat,
meeste mor en raak net kwaad,
ander vlug om die land te verlaat
en party wil oor ons regte waak
maar waar is die mens
wat vir die hoër reg,
wat vir die Boervolk
se vryheid veg?
Waar is hy
wat in ons toekoms hoop belê
en ons volk as volk
op sy eie grond wil hê?

Boerius 01/01/2015 Zonderwater Gevangenis

Lied van Jong Suid-Afrika

En hoor jy die magtige dreuning?
Oor die veld kom dit wyd gesweef:
die lied van 'n volk se ontwaking
wat harte laat sidder en beef.
Van Kaapland tot bo in die Noorde
rys daverend luid die akkoorde:
Dit is die LIED van Jong Suid-Afrika,
dit is die LIED van Jong Suid-Afrika,
dit is die LIED van Jong Suid-Afrika.

Die klop van die Voortrekkerwawiel
het die eeue se rus verstoer;
die klank van die voorlaaierskote
het klowe en kranse gehoor.
Die diere het stil staan en luister,
die bome het bewend gefluister:
Dit is die KOMS van Jong Suid-Afrika,
dit is die KOMS van Jong Suid-Afrika,
dit is die KOMS van Jong Suid-Afrika.

Waar songloed in glorie die berge
oor hul fronsende voorhoof streef,
waar ruisende wind oor die vlaktes
met grassaad kerjakkert en speel,
die land wat ons vaders gekoop het,
met bloed tot ons eie gedoop het:
Dit is die LAND van Jong Suid-Afrika,
dit is die LAND van Jong Suid-Afrika,
dit is die LAND van Jong Suid-Afrika.

Die golwende veld is ons woning
en ons dak is die hemelblou;
die Vryheid alleen is ons koning,
sy wagwoord is: "Handhaaf en bou".
Die stryd wat ons vaders begin het
sal woed tot ons sterf of oorwin het.
Dit is die EED van Jong Suid-Afrika,
dit is die EED van Jong Suid-Afrika,
dit is die EED van Jong Suid-Afrika.

*Eiternal
(Willem Jacobus du Plooy Erlank)*

Vryheid

Vrome vad're, fier en groot
Deur vervolging, ramp en nood,
was hul leuse, tot die dood:
Vryheid! Vryheid!

Erf'nis van hul moed en trou
is die grond waar ons op bou.
Juigend tot die hemel-blou:
Vryheid! Vryheid!

Ere wie die dood mag lei
om te rus aan hulle sy,
met die sterwenswoord te skei:
Vryheid! Vryheid!

Op dan, broers, en druk hul spoor,
voorwaarts, broers, die vaandel voor,
laat die veld ons krygsroep hoor:
Vryheid! Vryheid!

Woes geweld mag hoogty hou,
kettings mag ons lede knou,
maar die leuse bly ons trou:
Vryheid! Vryheid!

Jukke mag vir slawe wees,
manneharte ken geen vrees,
duld geen boei vir lyf of gees:
Vryheid! Vryheid!

Pligsversuim

Sal ek my kind die stryd laat stry
en in my plek vir vryheid ly
Boerius 21/12/2014 Zonderwater Gevangenis

net omdat ek my plig versaak
en sluimer in my uur van waak?

Mag die Here ons straf as ons ooit waag vergeet wat ons bloed al moes opoffer vir hierdie land.

Koue winter nagte in die Vrystaat en Transvaal aangery op oop treintrokke deur die nag, opgebondel in 'n laken-tent, vrot vleis vir ete (indien enige), die gelag en gespot van engelsman en hans-kakies, die kinkoes-hoes, die reuk van as en dood. 'n Hele land afgebrand! 'n Boer wat bietjie meel skroei vir 'koffie' sonder suiker, gehawend en moeg. Maar in sy oë 'n vlam wat nie eers die grote empire kan blus. Ver op 'n eiland, ingehok soos 'n dier. Verlange na afrika son en grond. Die reuk van tuisgebak, die geklap van perdepote oor die veld...

Durf ons kla en gaan lê? Dan is ons nie eens 'n skadu van die Volk...

Suid-Afrika se eie "James Bond" Spioenasie Netwerk

Pravin Gordhan, destyds minister van finansies, was die teiken van 'n geheime waninligting veldtog wat daarop gemik was om hom by Jacob Zuma in onguns te bring en die belastinggaarder te destabiliseer. Die wrange vrugte van dié veldtog, wat reeds ses jaar lank aan die gang is, blyk nou duidelik uit die chaos waarin die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) die afgelope paar maande gedompel is. Projek Broken Arrow, 'n "georganiseerde poging" deur uitgeskopte SAID-werknemers, het behels dat gerugte oor 'n "koverte en onderduimse ondersoekende" binne die SAID versprei word, toon dokumente wat Beeld onder oë gehad het. Gordhan, voormalige taks baas, is daarvan beskuldig dat die "onderduimse" eenheid met sy goedkeuring gestig en bedryf is.

Broken Arrow se doel was om die SAID te "destabiliseer, disorganiseer en uiteindelik chaos te skep om sodoende die reputasies en stabiliteit" van sekere amptenare te teiken. Die sogenaamde "Peega-dossier", wat uit Broken Arrow gevloei het, moes "bewys" dat 'n "onderduimse ondersoekende" binne die SAID kwansuis op destydse Zuma-lojaliste, soos Julius Malema en Fikile Mbalula, gespioeneer het.

Mike Peega en wyle Leonard Radebe, ontevrede uitgeskopte SAID-werknemers, is in 'n vertroulike 2009-verslag as die beweerde samesweerders uitgewys. Peega was lid van die SAID se National Research Group (NRG) en met verloop toe hy op Kersdag 2008 as verdagte in 'n renosterstroper sindikaat gearrester is. Radebe was bedryfshoof en het bedank nadat sy bande met Dave King en Glenn Agliotti op die lappe gekom het.

'n Makker van Peega het in 'n vertroulike verslag aan Johann van Loggerenberg, voormalige hoof van ondersoek, en Ivan Pillay, geskorste adjunkkommissaris, openbaar dat:

- Broken Arrow 'n georganiseerde poging is om die NRG-eenheid as "kovert" en "onderduims" uit te beeld;

- Dat vyf ontevrede voormalige werknemers by die SAID, van wie sommige deel was van die NRG, geïdentifiseer is om 'n "dossier" op te stel om hul kollegas te diskrediteer;

- Die dossier is vir Jacob Zuma en Bheki Cele, voormalige nasionale polisiekommissaris, se oë bedoel;

- Die medewerkers van Broken Arrow was "baie ontevrede" met die aanstelling van Gordhan as minister van finansies; en

- Broken Arrow is as 'n geheime projek bestuur met 'n begroting, 'n "veilige huis", geleende motors en toerusting.

Die Peega-dossier is destyds wyd aan die media gelek en is gevolglik informeel én amptelik deur die Staatsveiligheidsagentskap (SSA) ondersoek. Maar dokumente wys dat dit op niks uitgeloop het nie omdat geen bewyse gevind is nie.

"The world of espionage and spying is always going to be a murky one, it's always going to be one that's not publicized as much as we'd like..."

So sê die anti-terrorisme ekspert en direkteur van die Instituut van Sekerheidstudies, Anton du Plessis. Suid-Afrikaners is 'n

rare blik gegee in die donker wêreld van spioenasie en wat gesien is, is kommerwekkend. Dinge soos geheime dokumente wat op elke moontlike regeringsvlak openlik rond laat lê is of dat Mossad op Suid-Afrikaanse burgers se telefone inluister.

Du Plessis sê dat vrae nou gevra word of Suid-Afrika se sekuriteitstruktuur werklik bestaan. Hy sê verder dat dit duidelik is dat spioenasie voortgaan soos altyd - deur op persone en organisasies te spioeneer. Die sleutel vraag hierop is: wie trek voordeel hieruit?

Daar kan geargumenteer word dat dit slegs 'n individu is wat met politieke motiewe hierdie inligting uitlek, of dit kan beteken dat iemand die toegang tot informasie wil dwarsboom. Hierdie gevalle kan lei tot meer drakonese wetgewing om die media te muilband. Dit kan self lei tot die ondermyning van die letter van die wet en menseregte - alles in die naam van nasionale sekuriteit.

In Amerika het die Amerikaanse intelligensiediens (CIA) agterlangs toegang tot Hamas probeer verkry ten spyte van 'n Amerikaanse verbod op kontak met die Palestynse beweging. Dit wil uit intelligensieverslae voorkom of die CIA baie graag vordering met Hamas wou maak of agente werf.

'n CIA-agent het glo in 2012 die moontlikheid om toegang tot Hamas te verkry met 'n agent van die Suid-Afrikaanse Staatsveiligheidsagentskap (SSA) bespreek. Suid-Afrika het sedert die einde van apartheid sterk bande met Fatah en Hamas. Die twee agente het in Jerusalem ontmoet in 'n tyd van botsings tussen Hamas en Israelse magte.

Die SSA-agent het op 29 Junie 2012 'n verslag na Pretoria gestuur waarin hy sê die CIA-agent is "desperaat om vordering met Hamas in Gasa te maak en sal moontlik wil hê die SSA moet hulle help om toegang te verkry". Die SSA-agent het verder gesê die SSA sou "die CIA se prioriteite verstaan".

"As die SSA (die CIA-agent) met Hamas kan verbind, kan die SSA voordeel trek uit daardie interaksie omdat ons die prioriteite en vereistes van die LS829 (die SSA-kodenaam vir die CIA) kan vasstel," het die agent geskryf.

In 'n SSA-verslag van November 2012 word verwys na 'n Palestynse intelligensie-agent wat 'n memo oorhandig het oor 'n telefoonoproep tussen pres. Barack Obama van die VSA en die gematigde Palestynse president, Mahmoud Abbas. Obama het Abbas glo "gedreig" sou hy voortgaan met planne om "nielid-waarnemerstatus" by die Verenigde Nasies (VN) te versoek.

Abbas het wel die versoek gerig en dit is deur die VN goedgekeur. Dit het dit vir die Palestyne moontlik gemaak om

Vervolg op bl.15

sake teen Israel by die Internasionale Strafhof aanhangig te maak.

Intelligensieverlae: Greenpeace 'met valkoog dopgehou'

Dit was normale praktyk onder intelligensie-agentskappe om ander lande se samewerking te vra om politieke afvalligheid te probeer keer. Dit het onder meer aan die lig gekom in geheime intelligensie dokumente wat in die besit van die nuusagentskap Al Jazeera gekom het.

Van die besonderhede wat bekend geraak het, is dat Suid-Korea gevra het dat sekerheidsklarings vir Greenpeace se direkteur, die Suid-Afrikaner Kumi Naidoo, gedoen word.

Volgens 'n verslag van 2010 het Suid-Korea die versoek aan die Suid-Afrikaanse Staatsveiligheidsagentskap (SSA) gerig sowat 9 maande voor die G20-beraad in Seoel. Die versoek het twee ander mense ook ingesluit wat as gevaarlike persone gelys is. Dié twee is later in Pakistan aangekeer.

Naidoo het aan Al Jazeera gesê die afleiding kan gemaak word dat Greenpeace baie goed gemonitor word en healtyd dopgehou word. Volgens Naidoo is dit een ding om te vermoed jy word healtyd dopgehou, maar dit is "bietjie vreesaanjaend" wanneer sulke vermoedens bevestig word.

Al Jazeera het gesê dit is nie bekend of Suid-Afrika aan Suid-Korea se versoek voldoen het nie. Die uitgelekte verslae het ook ander versoeke aan SSA uitgelig, onder meer:

- Kameroen wat Suid-Afrika gevra het om te spioeneer op 'n opposisie-leier net voor hul presidentsverkieping in 2004;
- 'n "Memorandum van verstandhouding" is met Zimbabwe ooreengekom; en
- Rwanda het Suid-Afrika probeer ompraat om te spioeneer op "menseslagting-vlugtelinge".

Volgens van die uitgelekte dokumente het Sri-Lanka se intelligensie-agentskap beweer dat die Tamil-tiere militêre opleidingskampe in Suid-Afrika bygewoon het in 2010. Suid-Afrika het

dit ontken en gesê Sri-Lanka kan nie die bewerings staaf nie

The Spy Cables: SSA in spioenasieverslag genoem

Die Suid-Afrikaanse Staatsveiligheidsagentskap (SSA) het na bewering op Iran gespioeneer, het die internasionale nuusagentskap Al Jazeera op hul webwerf berig. Volgens die berig is Al Jazeera in die besit van 'n aantal uitgelekte geheime dokumente wat wêreldwyd hoofsaaklik tussen die SSA en ander spioenasie-agentskappe gedeel is, oor onder andere Suid-Afrika se monitering van Iranse agente. Die agentskap in samewerking met *The Guardian* in Engeland beplan om die inligting stuk-stuk bekend te maak in 'n reeks genaamd *The Spy Cables*.

Al Jazeera berig Suid-Afrikaanse intelligensie agente het bevind dat die Iraniërs ook geïnteresseerd was in tegnologie wat gebruik word om satelliete te onderskep, aanlyn aktiwiteite waar te neem, en kuberkrakery. Suid-Afrikaanse veiligheidsdienste was besorg oor Irak se pogings om amptelike en nie-amptelike kanale in Suid-Afrika te gebruik om Westerse ingestelde sanksies te omseil.

Al Jazeera besit glo 'n verslag van 128 bladsye genaamd, *Operational Target Analysis*, wat deur Suid-Afrikaanse spioene saamgestel is en waarin profiele van verskeie beweerde Iranse agente gepubliseer is. Volgens die verslag het die Britse agente ook aktiwiteite van Iran in Suid-Afrika gemonitor. Die agente het ook profiele saamgestel van 'n aantal matwinkels, uitgewers, en ander klein besighede wat moontlik bande met die Iranse intelligensie-agentskappe het.

Afluister van Suid-Afrikaners se telefone is nie verbasend nie.

Om persone se telefoon gesprekke af te luister val presies in by spioenasie om sodoende 'n oog op organisasies te hou. Volgens uitgelekte dokumente het Israeliese agente ingeluister op Suid-Afrikaanse burgers se mobiele telefone. Suid-Afrikaanse agente het in 2009 in 'n dokument geskryf dat Israel se geheime diens, Mossad, die Israeliese programmatuur reus - Amdocs - gebruik het om af te luister en om data in te vorder. Volgens die dokument is

Amdocs slegs 'n front maatskappy en van hulle grootste kliënte is Telkom en Sel-C. Hierdie implikasies kan ernstige gevolge hê.

Die dokument wys verder uit dat daar soortgelyke bewerings teen Amdocs gemaak is in Amerika, maar hulle is kwytsgeskel deur die CIA, FBI en NSA. Ander dokumente beweer dat daar 'n komplot deur Sudan was om om Dlamini-Zuma te vermoor. As dit bewys kan word, sal dit maak vir 'n interessante diplomatieuse dinamiek tussen Suid-Afrika en die land wat betrokke is daarby.

Hierdie massa-lek van spioenasie geheime sal baie buitelandse agentskappe twee keer laat dink voordat hulle weer informasie met Suid-Afrika sal deel. Brittanje se *The Guardian* en die nuusagentskap *Al Jazeera* beweer hulle het honderde dokumente en lêers wat handel oor die heen en weer gesprekke tussen van die wêreld se grootste spioenasie agentskappe en Suid-Afrika.

In een van die dokumente word beweer dat Washington Suid-Afrika oorreed het om te spioeneer op Iran, wat sterk diplomatieke en ekonomiese bande het met die land. Die Nasionale Intelligensie Agentskap het, selfs nadat hulle gesê het dat Tehran geen gevaar inhou nie, 'n koverte operasie van stapel gestuur om lyste met name, adresse en persoonlike gewoontes saam te stel van alle sogenaamde Iranse agent in Suid-Afrika.

Bewerings word gemaak dat SA spioene Persiese matwinkels dopgehou het wat moontlik fronte was vir Irakiese spioene. Behalwe die onmiddellike verleentheid van hierdie bewerings, kan dit ook lei tot minder samewerking tussen Suid-Afrika en ander lande se agentskappe.

Geloofwaardigheid van die SA Intelligensie Agentskappe

Bewerings word ook gemaak dat Washington Pretoria se hulp gebruik het om deur 'n Noord-Koreaanse dubbel agent uit te reik na die Palestynse groep Hamas. Hierdie soort bewerings skaad die agentskap se geloofwaardigheid en ook die manier waarop hulle saamwerk. Dit kom kort op die bohai wat by Zuma se staatsrede opgeskop is oor die gebruik van selfoon sein-blokeerders in die Parlement. Sekuriteit Minister David Mahlobo verduidelik dat die toestel

Vervolg op bl.16

slegs gebruik was om drones uit die geen vlieg zone rondom die Parlement te hou - later verduidelik hy weer dat die toestel "per ongeluk" aangeskakel was!

Uitlek van inligting ondermyn SA beveiliging

Die uitlek van vertroulike intelligensiedokumente wat die bestuur besonderhede van die Staatsveiligheidsagentskap (SSA) onthul, ondermyn hul werk om Suid-Afrika te beveilig, meen David Mahlobo, minister van staatsveiligheid.

"Hoewel dit internasionale praktyk is dat lande inligting deel oor parallelle kwessies wat betrekking het op onder meer ekonomiese geleenthede en veiligheid, word die uitlek van die beweerde dokumente wat die bestuur besonderhede van die SSA beskryf ten sterkste veroordeel," het Mahlobo gesê.

Volgens hom is dit onwettig en strydig met beleid om sulke inligting buite die bestaande klassifikasie protokolle bekend te maak. Mahlobo meen dit ondermyn die bestuursdoeltreffendheid van hul werk om Suid-Afrika te beveilig en dit grens volgens hom aan die ondermyning van die land se diplomatieke betrekkinge.

"Enige uitlek van vertroulike inligting ondermyn die nasionale veiligheid van enige land," het hy gesê. Sy departement ondersoek nou die uitlek van die dokumente. Mahlobo se verklaring is uitgereik nadat David Maynier, die DA se adjunkwoordvoerder oor staatsveiligheid, gesê het hy moet uit sy "skuiling" kom en kommentaar lewer.

Maynier het in 'n verklaring gesê dit is nou duidelik die SSA is die ontploffingspunt (ground zero) van die uitgelekte intelligensie dokumente. "Die uitlek van vertroulike dokumente het groot skade aan die SSA se geloofwaardigheid aangerig en tog lyk dit of Mahlobo weggekruip het en nie 'n openbare verklaring uitgereik het nie," het Maynier in sy verklaring gesê.

Terro-groep bel glo SA selfone

Luidens 'n ander uitgelekte intelligensie dokument was 'n Somaliese selfoon, wat gebruik is deur 'n vennoot van 'n senior lid van die terroriste beweging al-Sjabaab, in 2009 vir drie maande in kontak met Suid-Afrikaanse selfoonnommers. Dit blyk uit 'n vertroulike dokument van die Britse geheime intelligensiediens MI6 wat op 11 November 2009 opgestel is. Die dokument bevat 'n aansoek om intekenaarsbesonderhede vir die Suid-

Afrikaanse selfoonnommers.

Die betrokke dokument lees as volg:

"Onderskepping wys dat 'n Somaliese selfoon gedurende die tydperk van 1 Maart tot 1 Junie 2009 in kontak was met Suid-Afrikaanse selfone.

Die Somaliese selfoon is gebruik deur 'n vennoot van (naam verwyder) wat betrokke is in die bestuur van 'n Al-Kaïda-verbonde kamp in Somalië. (Naam verwyder) is 'n senior lid van al-Sjabaab en 'n vennoot van Al-Kaïda. Hy was 'n hysvrag vir ('n nou oorlede) Al-Kaïda-agent in Oos-Afrika. Hy was ook aktief in die bestuur van die insurgensie in Mogadishoe in 2007 tot 2008 voordat die Ethiopiese troepe onttrek het.

Ons sal dankbaar wees vir intekenaarsbesonderhede, nasporsings (traces) en 30 dae data-ontleding van die Suid-Afrikaanse nommers."

Luidens 'n ander dokument wat dieselfde dag opgestel is, het 'n individu van Durban beweer hy het kennis van ekstremistiese aktiwiteite. Hy het 'n e-pos aan Britse owerhede gestuur om hulle in te lig van 'n radikale sjeik wat jongmense in Durban radikaliseer. 'n Aantal jeugdige het glo na Pakistan gereis en ander het vliegopleiding in Europa ondergaan.

Die Suid-Afrikaanse regering het onlangs in die Staatskoerant berig dat 11 terroriste-verdagtes met bande met Islamitiese Staat en Al-Kaïda Suid-Afrika moontlik as 'n basis oorweeg. Die groep is op 'n wêreldwye lys van terroriste.

Tematiese assessering van sekuriteit probleme in die regering

'n 11-Bladsy dokument wat uitgeleek is, kan potensieel die mees skadelike ding wees vir Suid-Afrikaanse owerhede wat die vertroude tussen intelligensie agentskappe in die Staatsveiligheidsagentskap (SSA) in gevaar stel en die vraag laat opkom van hoe betroubaar die SSA is.

Van die vervalte en foute wat genoem word, is:

1. Hoe 'n SA intelligensie assessering bevind het dat daar vermoed word dat daar ongeveer 140 buitelandse spioene in die land is en dat SA nie daarin slaag om homself te beskerm nie en is gevolglik in "ernstige risiko".

2. Hoe hierdie spioene vermoedelik in rekenaars en kernkragsentrales ingebreek het en militêre bloudrukke gesteel het - wat die steel van die Rooivalk helikopter se bloudrukke deur 'n bekende buitelandse intelligensiediens insluit.

3. Hoe daar in sommige gevalle

diplomate, staatsamptenare en SA Burgers gebruik word om onwetend buitelandse spioene uit lande soos Iran en China te help om toegang te verkry tot beperkte gebiede (Wat plekke soos Denel, Koeberg en Mossgas insluit) en ook om geklassifiseerde informasie uit te lek.

4. Hoe staatsamptenare nie behoorlik gekeur word nie terwyl die aanstellings van buitelanders in strategiese installasies problematies is. Amptenare het gereeld gefaal om basiese prosedures rondom veiligheid waar te neem en sodoende is geklassifiseerde dokumentasie **rond laat lê**.

5. Hoe die SSA bewus was van Frankryk en Amerika se pogings om die bodproses te beïnvloed vir nuwe kernkragsentrales, maar hulle was nie in staat om dit te neutraliseer nie as gevolg van die "gesofistikeerdheid van hulle koverte operasies en gebrek aan teen-spioenasie kapasiteit" In 'n ander geval was dit die gepeuter met sensitiewe dokumentasie van 'n prominente tender proses.

6. Hoe buitelandse spioene 'n prominente rol gespeel het om ministers te oorreed om besluite te maak wat betrekking gehad het op die multi-miljoen-randse wapen transaksie van 1999.

7. Hoe die SSA bewus was van die planne om die voormalige minister Nkosazana Dlamini-Zuma in Ethiopië te vermoor maar dat hulle nie die tyd gehad het om die planne te neutraliseer nie.

8. Hoe privaat sekuriteit maatskappye gesien word as die ideale voermiddel vir buitelandse spioene en vyandige organisasies en hoe voormalige en huidige spioene deur sulke firmas gewerf word vir hulle kennis en kontakte.

9. Hoeveel regering inligtingstegnologie stelsels het "ernstige tekortkominge in sekuriteit integriteit" en is kwesbaar vir bedrog, korrupsie en spioenasie. So het een rekenaar wat militêre geheime bevat het, agt kwaadwillige sagteware programme op gehad.

10. Hoe daar geen minimum standarde vir enkripsie van gerekenariseerde oordrag van geklassifiseerde data is nie en daar is ook nie genoegsame kontrole vir die stoor of aflaai van sensitiewe informasie nie.

Na aanleiding van die bogenoemde kan mense net een vraag vra: Wie is die Ringmeester agter hierdie sirkus?

UIT DIE LEIER SE PEN



DIE AWB IS 'N ORGANISASIE VAN GELEENTHEDE

Leierskap in Suid-Afrika het 'n verantwoordelikheid met betrekking tot die veiligheidsomgewing van die inwoners van die land en die samelewing. Daar is verskeie raakpunte

tussen organisasies wat hierdie doelwit nastreef en bedryf ten opsigte van 'n veilige omgewing waarin die landsburgers hulle daaglikse take moet verrig asook die bemagtiging en opheffing van hulle lede. Ander organisasies wat dieselfde doelstellings as die AWB nastreef word genooi om aan te sluit by die Adviesraad wat in die lewe groep is om ook insette en bydrae te lewer in die bereiking van ons doelwit.

Die AWB (Afrikaner Weerstandsbeweging) is dié organisasie landswyd wat die pas aangee en die voortou neem in die daarstelling van opleidingstrukture waar lede hulleself kan voorberei en bemagtig indien gevaarsituasies te voorskyn sou tree. Hierdie opleidingsvaardighede strek oor 'n wye spektrum van aktiwiteite en dissiplines wat onder andere insluit huis en haard beskerming tot gevorderde vuurwapen opleiding. Die AWB skep verder geleentehede waar sy lede hulle kan uitleef op die Volkskultuur akker, binne die raamwerk van 'n veilige omgewing en daarmee saam ook die strewende en doelwit koester van selfbeskikking.

Met die uitlatings van opposisie partye binne die huidige politieke bestel van Suid-Afrika sowel as die van die ANC Regering aangaande grondgrype en die moontlike nasionalisering van privaat eiendom, is die AWB voorbereid om die sogenaamde miskenning en onwettige besetting van privaat eiendomsreg van sy lede te beskerm met alles binne sy vermoë.

Die eerste twee maande van 2015 is reeds verby en talle uitdagings het reeds kop uitgesteek. Ek wil my simpatie betuig met almal wat reeds die jaar deur

geweld geraak is, of selfs geliefdes as gevolg daarvan aan die dood moes afstaan.

Goeie kennis van omstandighede en menseverhoudinge tussen lede speel 'n groot rol aangaande die veiligheid van die AWB se lede in stedelike- sowel as landelike gebiede. 'n Bewys hiervan is die deurlopende sukses wat behaal word waar lede wat in nood verkeer en dan deur mede kamerade van die AWB te hulp gesnel word om sodoende 'n veilige omgewing te skep. Ek en die Generale Staf van die AWB is trots op dié reaksie. As ons ons lede en die publiek daar buite se veiligheid in ag neem, moet ons die kwelvrae stel oor hoekom die situasie in die eerste plek voorgekom het? Die vraag kan onomwonde beantwoord word deur die stelling dat die Regering nie beheer oor misdaad kan uitoefen nie en dat dit tans hoogty vier, omrede die SAPD wat vir veiligheid in die land verantwoordelik is, korrup en onbevoeg is om hulle taak na behore te volvoer. Gebrek aan leierskap en die wil om misdaad te bekamp ontbreek grotendeels by die ANC Regering. Blankes in Suid-Afrika is op hulself aangewese om misdaad wat op hulle gemik is te bekamp. Ons as AWB wil nie net fokus op reaksie nie - ons wil ook fokus op die voorkoming van aanvalle.

Met dit in gedagte wil ek graag 'n versoek rig aan alle Gebiedsbevelvoerders van die AWB, om u veiligheidsplanne in plek te herevalueer vir veral sagte teikens. Evalueer hoe sagte teikens wat nie noodwendig by ons stelsel kan of wil inskakel nie, betrek kan word. Die koste aan lewensverlies kan nie gemeet word teen die relatiewe lae koste van tegnologie beskikbaar nie.

Dit is nie ons aard as lede van die AWB om negatief te wees nie. Ons is van nature positiewe mense en ek sien geen rede, ten spyte van al die uitdagings wat ons in die gesig staar, waarom ons nie op verlede jaar se draaipunte en suksesse kan voortbou nie.

Mag julle in hierdie jaar wanneer dit goed gaan, ons Hemelse Vader daarvoor dank en wanneer dit nie so voorspoedig gaan nie, opkyk na bo vir Sy leiding.

Met 777 Boere-groete.

'n Mooi en positiewe jaar vir julle almal.

Steyn von Rönge



**GOD
VOLK
VADERLAND**

